NICO COETZEE
(Voorsitter Afrigters Raad)

+27 83 232 1120
necchem@iafrica.com
www.wrestling.org.za
Posbus 5221, Boksburg Noord, 1461,
Gauteng, Suid Afrika

Aan: Sekretaris en Presidente – Stoeiverenigings

SASF Uitvoerende Bestuurslede

Van: SA Afrigters Raad

29 Maart 2017

SASAR SKRYWE 11/2017 – NASIONALE OEFEN KAMPE AFRIKA SPANNE 2017

Die SA Afrigters Raad en afrigters van die 2017 Afrika spanne wil graag die naweek van 13-15 April 2017 gebruik as addisionele voorbereiding vir die 2017 Afrika Kampioenskappe.

Alhoewel die oefenkamp nie geskeduleer was op die 2017 SASF kalender is ons van mening dat stoeiers elke moontlike geleentheid moet gebruik om voor te berei vir die internasionale deelname.

Die oefenkamp is **nie verpligtend nie,** maar stoeiers wat die kamp bywoon sal erkenning kry vir bywoning van die oefenkamp. Die besonderhede van die oefenkamp bly presies dieselfde soos hieronder aangdui. Stoeiers in ver afgeleë provinsies kan in skakel by hulle onderskeie provinsie se Nasionale oefen geleenthede.

Besonderhede van die Oefen Kamp:

1. Datum: 13 – 15 April 2017
   Registrasie: Vanaf 18:00 – 18:30 – Donderdag 13 April 2017
   Plek: Primrose Stoeiklub, Primrose (H/V Oak en Quince strate)
   Kamp eindig: 17:00 Saterdag 15 April 2017

2. ***Inskrywings vir die 2017 Nasionale Oefenkampe word op ETMS gedoen. Alle stoeiers en afrigters op ETMS inskryf vir die oefenkamp. (Ons vra dat persone wat die inskrywings doen sal let op die volgende reëlings)***
   1. Inskrywings sluit op Donderdag 30 Maart 2017 om 10:00 vir die eerste kamp (31 Maart – 1 April 2017) en 12 April 2017 vir die tweede kamp (13 – 15 April 2017)
   (Ons vra almal se samewerking met die inskrywings op ETMS ten einde dit vir ons moontlik te maak om effektief voor te berei vir die oefenkamp)

3. Stoeiers wat opgeneem is in die onderskeie Afrika 2017 spanne asook stoeiers wat onder die eerste drie stoeiers geplaas was by die proewe se kamp onkoste word gedek deur die SASF. Die koste vir die oefenkamp beloop R210-00 vir die eerste en R420-00 vir die tweede kamp, vir ander stoeiers

President: MHJ Bosse; Ere President: JH Taljard; Visie President: C Villet; Visie President: CJ van der Walt; Sekretaris Generaal & Voorsitter Admin Raad: HN van den Berg;
Tesourier: SH Bartlett; Voorsitter Beampte Raad: W Giliomee; Voorsitter Afrigters Raad: N Coetzee; Voorsitter Spanbestuurders Raad: M Luff;
Voorsitter Mediese Raad: AJ Germishuizen; Hulp Tesourier & Sekretaris General: M Smith; Voorsitter Bemarking & Media: SA Bartlett

wat die kamp wil bywoon. Ons ontvang glad nie meer kontant by die oefenkamp nie, die betrokke stoeiers sal deur die onderskeie Verenigings aangeslaan word vir die koste.

4. Reis reëlings vir stoeiers van ver afgeleë provinsie kan met Mnr. Shaun Bartlett getref word by 083 268 9992 en epos: shaun@mdsholdings.co.za.

5. Enige ander stoeier wat aan die Nasionale proewe deelgeneem het, is welkom om aan die oefenkamp deel te neem. *Die oefenkamp is net vir kadet, junior en senior stoeiers.*

6. Ons versoek dat stoeiers slaap uitrusting asook hardloop skoene sal saam bring.

U vriendelike samewerking word hoog op prys gestel.

Dankie vir u samewerking.

Groete

Voorsitter SASAR

Nico Coetzee

NICO COETZEE
(Voorsitter Afrigters Raad)
+27 83 232 1120
necchem@iafrica.com
Posbus 5221, Boksburg Noord, 1461,
Gauteng, Suid Afrika